Acta Theologica 2003: 1

# PSALM 1-50 IN AFRIKAANS. 'N KORPUSGEBASEERDE VERTAALKUNDIGE ANALISE

J.A. Naudé[1]

## ABSTRACT


## PSALMS 1-50 IN AFRIKAANS. AN ANALYSIS WITHIN CORPUS-BASED TRANSLATION STUDIES

Corpus-based research in translation involves using computerised corpora to study translated text and is concerned with revealing both the universal and the specific features of translation. A corpus of Bible translations and religious literature is in a process of being established at the University of the Free State. The purpose of this paper is to examine the nature of the vocabulary of the translation of Psalms 1-50 in various Afrikaans Bible translations within corpus-based translation studies. The way in which corpus processing techniques could be utilised to investigate the vocabulary of the translation of Psalms 1-50 will be discussed.


## OPSOMMING

Korpusgebaseerde navorsing in vertaling behels die gebruik van gerekenariseerde korpora om vertaalde teks te bestudeer en is gemoeid met die ontdekking van beide die universele en spesifieke kenmerke van vertaling. 'n Korpus van Bybelvertalings en religieuse literatuur word tans by die Universiteit van die Vrystaat opgestel. Die doel van hierdie artikel is om die aard van die woordeskat van die vertaling van Psalms 1-50 in verskillende Afrikaanse Bybelvertalings binne die raamwerk van korpusgebaseerde vertaalkunde te ondersoek. Die manier waarop korpusprosesseringstegnieke gebruik kan word om die woordeskat van Psalms 1-50 te ondersoek, sal bespreek word.

1 Prof. J.A. Naudé, Departement Nabye Oosterse Studies, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 399, Bloemfontein 9300, Suid-Afrika. E-pos: naudej@hum.uovs.ac.za

# 1. INLEIDING

Korpusgebaseerde navorsing oor vertaling het in die afgelope tien jaar na vore gekom as 'n nuwe navorsingsterrein in vertaalkunde met sy eie doelstellings. Die term *korpus* verwys primêr na 'n versameling tekste wat in elektroniese vorm gehou word sodat hulle outomaties of semi-outomaties ontleed kan word in plaas van met die hand. Dit sluit gesproke sowel as geskrewe tekste in uit 'n verskeidenheid van bronne waarby talle outeurs en sprekers betrokke is en wat handel oor verskillende onderwerpe.

Soos met ander ontwikkelings in vertaalkunde is dit geïnspireer deur linguistiek. In hierdie geval is die dryfveer korpuslinguistiek, wat die ontleding van groot korpusse outentieke, aaneenlopende teks deur middel van rekenaarprogrammatuur behels. Binne die linguistiek het hierdie metodologie 'n omwenteling op die gebied van leksikografie en taalonderrig teweeggebring. In vertaalkunde behels hierdie soort navorsing die gebruik van gerekenariseerde korpusse om vertaling as 'n variëteit van taalgedrag wat in eie reg aandag verdien, te ondersoek (Baker 1996:175; Kruger 2002:70).

Hierdie artikel vloei voort uit die werkswinkel van Mona Baker oor korpusgebaseerde vertaalkunde wat gedurende Julie 2001 by UNISA plaasgevind het. Dit het gelei tot die totstandkoming van 'n navorsingsprojek aan die Universiteit van die Vrystaat in samewerking met UNISA se afdeling vertaalkunde met die uitkoms om 'n korpus op te bou van Bybel- en religieuse vertalings in al 11 nasionale tale van Suid-Afrika. Die projek het skaars begin en op die oomblik word slegs klein loodsprojekte gedoen met die oog op die opstelling van die struktuur van die korpus. Alle nuwe MA-studente in vertaalkunde aan die Universiteit van die Vrystaat doen ten minste een werkstuk waarin hulle 'n selfstandige korpusanalise van aspekte van vertalings in hulle taalkombinasie aanbied.

Die analise van die Afrikaanse vertalings van Psalm 1-50 word voorafgegaan deur 'n kursoriese oorsig oor die vorming van korpusgebaseerde vertaalkunde of CTS. 'n Volledige uiteensetting van korpusgebaseerde vertaling (veral vir die Suid-Afrikaanse situasie) word in Kruger (2002) aangebied en dien as uitgangspunt vir hierdie artikel. Daar word ook aangetoon hoedat sommige CTS-instrumente en -tegnieke aangewend kan word vir die ontleding van Bybelvertalings. 'n Gedeeltelike ontleding van 'n voorlopige korpus van Afrikaanse vertalings van die Psalms (1926, 1953, 1976, 1979, 1983 en *Die Lewende Bybel*) word aangebied.

Voordat die kollig val op huidige korpusgebaseerde vertaalnavorsing, is enkele opmerkings nodig oor die plek daarvan binne vertaalkunde. Die

opmerkings sal kursories wees, omdat slegs aspekte wat op korpusvertaalkunde betrekking het, belig word.

# 2. DIE PLEK VAN KORPUSVERTAALKUNDE BINNE VERTAALKUNDE

## 2.1 Die opkoms van vertaalkunde as dissipline

Vertaalkunde het die afgelope 30 jaar opgekom as 'n nuwe internasionale en interdissiplinêre akademiese dissipline.

Vanaf die vyftiger- tot die sewentigerjare van die vorige eeu is vertaalkunde as onderdeel van toegepaste linguistiek en algemene linguistiek as enigste voedingsbron vir vertaalkunde gesien. Veral vanaf die tagtigerjare het vertaalteoretici gebruik gemaak van raamwerke en metodologieë vanuit ander dissiplines soos sielkunde, kommunikasieteorie, literêre teorie, antropologie, filosofie en meer resent van kultuurstudie (vergelyk Bassnett & Lefevere 1990). Vertaalkunde het 'n multidissiplinêre wetenskap geword. (Snell-Hornby 1995:7-35). Dit beteken nie dat die dissipline nie besig was om sy eie koherente navorsingsmetodologie te ontwikkel nie. Inteendeel, die verskeie metodologieë en teoretiese raamwerke wat van ander dissiplines ontleen is, is toenemend aangepas en herwaardeer om die behoeftes van vertaalkunde as integrale en outonome dissipline te bevredig.

Gedurende die 1990s het die groeiende dissipline van vertaalkunde 'n sekere institusionele gesag gekry soos vergestalt in die proliferasie van 250 vertaalprogramme wêreldwyd (Venuti 2000:1) en 'n vloedgolf van akademiese publikasies. Teen 2000 was vertaalkunde 'n netwerk van geleerdes wat navorsing onderneem en debatteer oor konseptuele en dissiplinêre aspekte van vertaalkunde.

Uiteenlopende vertaalkundige benaderings het ontwikkel wat onder andere op die bronteks, die vertaalproses, die resepsie van die vertaling en die kultureel en sosiaal gebonde karakter van vertaling fokus. Naudé (2000, 2001, 2002) verskaf 'n oorsig van hierdie ontwikkelinge en dit word nie weer hier herhaal nie. Die plek van korpusvertaalkunde binne vertaalkunde kan soos volg skematies voorgestel word (aangepas van Wallmach 2000).

| Invloed van | | |
|---|---|---|
| Linguistiek | Literatuurwetenskap | Filosofie |
| | | Hermeneutiese benaderings tot vertaling (Steiner) |
| Linguisties-gebaseerde vertaalteorieë (Catford, Nida House) (1960-1980) | | |
| Die kulturele wending | | |
| | Deskriptiewe vertaalkunde (Lambert, Lefevere, Toury) (1980-) | |
| Proses-georiënteerde vertaalkunde (Bell) (1985-1990) | Kultuurstudie paradigma (Bassnett, Lefevere) (1985-) | Poststrukturalistiese teorieë |
| Diskoerslinguisties-gebaseerde vertaalkunde (Hatim & Mason) (1990-) | | |
| Kognitiewe linguisties-gebaseerde vertaalkunde (Gutt 1991-) | "Resistive" benaderings (Bassnett, Lefevere, Venuti) (1991-) | |
| Funksionalistiese benaderings (Nord) (1991-) | | |
| Korpusvertaalkunde (Baker) (1995-) | | |

## 2.2 Korpusvertaalkunde en deskriptiewe vertaalkunde (DTS)

Vir lank was 'n vertaling gesien as 'n ekwivalente afleiding of spieëlbeeld van die bronteks. Die kriterium vir die evaluering daarvan was geleë in die oorspronklike of bronteks. 'n Vertaling moes teen die oorspronklike gekontroleer word vir tekortkominge. Vertaalkunde het egter wegbeweeg van die dwangbuis van die preskriptiewe en normatiewe benaderings tot vertaling. Dit is teweeggebring deur twee afsonderlike benaderings tot vertaling wat gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu onafhanklik en byna gelyktydig ontwikkel het: die funksionalistiese benadering en die deskriptiewe benadering (Kruger 2000:3-4).

Die funksionalistiese benadering gaan van die standpunt uit dat die funksie van 'n vertaling nie dieselfde hoef te wees as dié van die oorspronklike nie, aangesien vertaling 'n nuwe kommunikatiewe handeling is wat

doelmatig moet wees met betrekking tot die vertaler se "kliënte" en "lesers" (Nord 1991, 1997).

Deskriptiewe vertaalkunde het 'n deskriptiewe, doelgeoriënteerde, funksionele en sistemiese benadering tot vertaling (Hermans 1985; 1999 en Toury 1995). Enige teks is 'n vertaling as dit as sodanig in die ontvangerkultuur en literêre stelsel funksioneer. Daar is nie langer enige absolute kriteria vir ekwivalentheid nie. Die fokus is op die soort vertaalverhouding tussen die bron- en doelteks (Hermans 1991:158). Dit het te make met die norme en konvensies wat op 'n bepaalde tyd in 'n bepaalde teikenkultuur heers (Toury 1980:56).

Deskriptiewe vertaalmodelle kan gebruik word om egte vertalings te beskryf en om rekenskap te gee van hul waargenome eienskappe met betrekking tot die literêre, kulturele en historiese kontekste waarin hulle geproduseer is. Hulle beskryf (dit wil sê verduidelik) met ander woorde die spesifieke eienskappe van 'n vertaalde teks (of veelvuldige vertalings van dieselfde oorspronklike) in terme van beperkinge of norme wat op 'n bepaalde tydstip in die teikenkultuur van krag is en wat die vertaalmetode en die gevolglike produk sou kon beïnvloed (byvoorbeeld Lambert en Van Gorp 1985:42-53; Toury 1980:112-121).

Korpusgebaseerde vertaalnavorsing bou op die studies van navorsers wat binne DTS gewerk het, asook dié wat gewerk het met korpusse wat met die hand saamgestel, ondersoek en ontleed is (Kruger 2002:79). Reeds in 1993 het Mona Baker (1993:243) voorspel dat die saamstel van verskillende tipes korpusse van sowel oorspronklike as vertaalde tekste, saam met die ontwikkeling van 'n korpusgedrewe metodologie, vertaalnavorsers in staat sou stel om die aard van vertaalde teks as 'n bepaalde kommunikatiewe gebeurtenis bloot te lê deur middel van die ondersoek van wat sy toe benoem het "algemeenhede" van vertaling, dit wil sê linguistiese kenmerke wat voorkom in vertaalde tekste en wat nie beïnvloed word deur die spesifieke taalpare wat by die vertaalproses betrokke is nie.

Volgens Tymoczko (1998:653, 657) fokus korpusgebaseerde vertaalnavorsing op sowel die vertaalproses as die produkte van vertaling, en neem dit die kleinste besonderhede van die vertaalde tekste in ag, asook die grootste kultuurpatrone wat beide intern en ekstern tot die tekste kan staan. Sommige van die algemene temas en verbintenisse tussen vertaalkunde en korpusgebaseerde vertaalnavorsing is byvoorbeeld die groeiende verbintenis om linguistiese benaderings en kultuurstudie-benaderings tot vertaling te integreer, 'n bewustheid van die rol van ideologie waar dit teks, konteks, vertaling en die teorie, praktyk en pedagogie van vertaling affekteer en so moderne tegnologie by die dissipline se behoeftes en doel aanpas (Kruger

2002:79). Nie alleen is ons nou in staat om herhalende kenmerke (algemeenhede) van vertaling op groot skaal (die norm) te ondersoek en vas te lê nie — en gevolglik vertaling as verskynsel in eie reg te verstaan nie — maar ons is ook in staat om kreatiewe en individuele voorbeelde (die uitsondering) te ondersoek (vgl. Baker 1996:179; ook Baker 1998). Laviosa-Braithwaite (1996) beskou korpusgebaseerde benadering in vertaalkunde as 'n saamgestelde, ryk en duidelike paradigma wat baie aspekte van die vertaalverskynsel dek. Dit is gemoeid met die ontsluiering van sowel die universele as die spesifieke kenmerke van vertaling deur die wisselwerking van teoretiese konstrukte en hipoteses, verskeidenheid van gegewens, nuwe deskriptiewe kategorieë en 'n duidelike, buigsame metodologie wat toegepas kan word op induktiewe en deduktiewe navorsing, asook produk- en prosesgeoriënteerde studies.

# 3. KORPUSVERTAALKUNDE

## 3.1 Eienskappe van korpusvertaalkunde

Korpusvertaalkunde vertoon die volgende eienskappe. Dit is

- empiries-gerig (en behels nie net teoretisering nie);
- deskriptief (en nie preskriptief nie);
- doelteks-georienteerd (en nie bronteks-georienteerd nie);
- korpus-gebaseerd (en nie op enkele tekste nie).

Met behulp van 'n groot empiriese databasis kan ontledings gegrond word op strukture/patrone wat natuurlik voorkom en wat nie andersins met handsoek ontdek sou word nie. Daarbenewens demonstreer korpusgebaseerde ontledings dat intuïsie van taalkundiges meermale verkeerd bewys word wanneer dit empiries getoets word (Biber *et al*. 1994:169, 170).

Korpusgebaseerde navorsing van vertalings behels die integrering van vier elemente, naamlik data, beskrywing, teorie en metodologie in 'n voortdurende proses waarby korpusskepping, ontdekking, hipotesevorming, toetsing en evaluering betrokke is. Die korpus bestaan uit die onverwerkte linguistiese data wat versamel en opgeteken is in ooreenstemming met spesifieke ontwerpkriteria, en wat ondersoek en verwerk word deur middel van gerekenariseerde instrumente en tegnieke. Dit wat deur hierdie datagedrewe benadering ontdek word oor taal, word geakkumuleer en georganiseer in nuwe beskrywings van taalgedrag. Dit voed weer vertaalteorie waar konsepte ontwikkel word om die verskynsels wat empiries waargeneem word, te verduidelik, en bied so hipoteses vir verdere toetsing. Die nuwe

navorsing lei tot die uitbreiding van die aanvanklike korpus (of die skepping van 'n nuwe), die verfyning van die metodologie, die vermeerdering van gegewens en die verbetering van die teorie.

## 3.2 Soorte korpusse

### 3.2.1 Korpusgrootte

Die eerste generasie miljoenwoord-rekenaarleesbare korpusse is saamgestel in die vroeë sestigerjare van die vorige eeu (Leech 1991:10). Die *Brown-korpus* wat in die jare 1961 tot 1964 deur Francis en Kusera ontwerp is, was die eerste en bevat monsters van geskrewe Amerikaanse Engels. Die *Lancaster-Oslo-Bergen-korpus* bevat monsters van geskrewe Britse Engels en is in 1978 voltooi. Tydens die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu is begin met die tweedegenerasie-multimiljoenwoordkorpusse van geskrewe en gesproke Engels, naamlik John Sinclair se *Birmingham Collection of English Text* en die *Longman-Lancaster English Language Corpus* wat albei gebaat het by die beskikbaarheid van die KDEM-optiesekarakter-herkenningstoestel vir teksinsette (Laviosa-Braithwaite 1996). Danksy die snelle ontwikkeling van teksherwinningsprogrammatuur, die verhoogde stoor- en verwerkingsvermoë van moderne rekenaars, asook CD-ROM-optiese skywe, was dit moontlik om korpusse van honderde miljoene woorde te skep soos die *British National Corpus* (BNC) en die interaktiewe *Corpus of Spoken American English*.

In Suid-Afrika is Prof. D. J. Prinsloo van Afrika-tale, Universiteit van Pretoria, reeds vir 'n aantal jare besig om 'n korpus van Suid-Afrikaanse tale op te bou. Dit bevat die nasionale tale van Suid-Afrika. Daar is ook korpora van ander Afrikatale beskikbaar (Gauton 2001).

**Korpora van Suid-Afrika se elf amptelike tale**

| Taal | Naam | Akroniem |
|---|---|---|
| Afrikaans | Pretoria Afrikaans Korpus | PAFC |
| Afrikaans | Die Pharos-korpus van hedendaagse Afrikaans | PAK |
| Engels | Korpus van Suid-Afrikaanse Engels | COSAE |
| Ndebele | Pretoria Ndebele Korpus | PNC |
| Xhosa | Pretoria Xhosa Korpus | PXHC |
| Zulu | Pretoria Zulu Korpus | PZC |
| Pedi | Pretoria Pedi Korpus | PSC |
| Sotho | Pretoria Sotho Korpus | PSSC |
| Tswana | Pretoria Tswana Korpus | PSTC |

| | | |
|---|---|---|
| Swati | Pretoria Swati Korpus | PSWC |
| Venda | Pretoria Venda Korpus | PTC |
| Tsonga | Pretoria Tsonga Korpus | PXIC |

**Korpora van ander Afrikatale**

| Taal | Naam | Akroniem | Plek |
|---|---|---|---|
| Shona | ALLEX–Shona Korpus | - | Harare/Oslo |
| Ciluba | Recall's Ciluba Korpus | RCC | Ghent |
| Ndebele | ALLEX–Ndebele Korpus | - | Harare/Oslo |
| Swahili | Kiswahili Internet Korpus | KIC | Pretoria |
| Swahili | Helsinki Korpus of Swahili | HCT | Helsinki |

Die korpusse bevat subkorpora. Die Pretoria Zulu-korpus bevat die volgende subkorpora.

| Subkorpus | Woorde | % |
|---|---|---|
| Romans | 2,098,836 | 41.96 |
| Handboeke | 889,175 | 17.78 |
| Kort verhale, opstelle | 834,019 | 16.68 |
| Dramas | 357,073 | 7.14 |
| Religieuse tekste | 343,842 | 6.87 |
| Poësie | 238,407 | 4.77 |
| Orale literatuur, legendes | 166,262 | 3.32 |
| WWW lêers, pamflette | 73,842 | 1.48 |
| **Totaal** | **5,001,456** | **100.00** |

Die vertaalkomponent van die Pretoria Zulu-korpus behels 10.98% van die Zulu-korpus.

| Subkorpus | Woorde | % |
|---|---|---|
| Romans | 119,059 | 21.69 |
| Handboeke | 0 | 0.00 |
| Kort verhale, opstelle | 31,656 | 5.77 |
| Dramas | 6,950 | 1.27 |
| Religieuse tekste | 343,842 | 62.63 |
| Poësie | 0 | 0.00 |
| Orale literatuur, legendes | 29,969 | 5.46 |

| | | |
|---|---|---|
| Subtotaal vertaalde boeke | 531,476 | 96.82 |
| Pamflette | 17,535 | 3.19 |
| **Totaal** | **549,011** | **100.00** |

| **Periode** | **Woorde** | % |
|---|---|---|
| 1930s | 19,550 | 3.56 |
| 1940s | 0 | 0.00 |
| 1950s | 0 | 0.00 |
| 1960s | 65,819 | 11.99 |
| 1970s | 343, 842 | 62.63 |
| 1980s | 102,265 | 18.63 |
| 1190s | 17,535 | 3.19 |
| **Totaal** | **549,011** | **100.00** |

### 3.2.2 Korpustipologie

Uitgebreide tipologieë van korpusse wat in vertaalkunde in gebruik is, is deur Baker (1995) en Laviosa (1997, 2001) saamgestel. Sentraal tot sulke tipologieë staan drie basiese vrae (Kenny 2001:57):

- Hoeveel tale word in die korpus onder bespreking verteenwoordig?
- Het al die tekste in die geval van eentalige korpusse hul oorsprong in die taal van die korpus, of is sommige of almal van hulle vertalings?
- Is daar in die geval van tweetalige en veeltalige korpusse 'n vertaalverwantskap tussen die verskillende taalgedeeltes van die korpus?

Eentalige korpusse soos die *British National Corpus* (BNC) bestaan uit tekste in een taal en is nuttig vir vertaalonderrig om studente se kennis van normale doeltaalpatrone te verbeter en om vertaalgehalte te verbeter (Bowker 1998, Pearson 1999); as 'n hulpmiddel by die evaluering van vertaalgehalte (Bowker 1999); en by terminologie-ekserpering (Pearson 1998). Die BNC en die *Cobuild Bank of English* bestaan uit onderskeidelik 100 miljoen en 200 miljoen woorde.

Veeltalige of tweetalige korpusse verwys na stelle van twee of meer eentalige korpusse in verskillende tale wat opgebou is óf in dieselfde óf verskillende inrigtings op grond van ooreenstemmende ontwerpkriteria (Baker 1995:232), byvoorbeeld koerantartikels wat 'n bepaalde tydperk dek in oorspronklike Engels en oorspronklike Spaans. Hierdie soort korpus bevat dus nie noodwendig tekste wat aan mekaar verwant is deur vertaling nie, maar hul komponenttekste mag eerder vergelykbaar wees op grond van die

eendersheid van hul inhoud, domein en kommunikatiewe funksie (Zanettin 1998:617).

Veeltalige of tweetalige parallelle korpusse bestaan uit oorspronklike brontaaltekste in taal A en hul vertaalde weergawe in taal B, byvoorbeeld die Kanadese *Hansards of die German-English Parallel Corpus of Literary Texts* (GEPCOLT) saamgestel deur Dorothy Kenny onder leiding van Mona Baker by UMIST in samewerking met Dublin City University. Die meeste parallelle korpusse is tweetalig en laat die vertaalnavorser toe om te fokus op 'n spesifieke taalpaar.

'n Eentalige vergelykbare korpus bestaan uit twee enkele eentalige korpusse (dit wil sê twee afsonderlike versamelings tekste in dieselfde taal), een nie-vertaalde korpus, wat bestaan uit oorspronklike tekste in die betrokke taal en een vertaalde korpus, wat bestaan uit vertalings in daardie taal uit 'n gegewe brontaal of -tale. Een van die hoofkenmerke van 'n vergelykbare korpus is dat die twee versamelings tekste 'n soortgelyke terrein, taalverskeidenheid, tydsbestek en lengte dek en verteenwoordigend is in terme van die groep oorspronklike outeur en vertalers. Hierdeur word verseker dat enige linguistiese verskille wat tussen hulle gevind word, met vertroue toegeskryf kan word aan hul verskillende status as vertaling teenoor nie-vertaling (Laviosa 1997:290). Die *English Comparable Corpus* (ECC), die eerste van sy soort, is in 1996 ontwerp en saamgestel by die Centre for Translation Studies, UMIST (University of Manchester Institute of Science and Technology), onder die toesig van Mona Baker. Die ECC is 'n gerekenariseerde korpus saamgestel uit twee afsonderlike versamelings tekste in Engels. Een versameling (die *Translational English Corpus* of TEC) bevat tekste wat uit 'n verskeidenheid brontale in Engels vertaal is. Dit bestaan uit vier korpusse: fiksie, biografie, koerantartikels en inflight tydskrifte. Die korpus kan vrylik deur middel van die web besoek word, en wel met behulp van 'n stel basiese programmatuurinstrumente wat op die betrokke webwerf voorsien word (HYPERLINK "http://ubatuba.ccl.umist.ac.uk/tec/" __http://ubatuba.ccl. umist.ac.uk/tec/_). Die ander (die *Non-Translational English Corpus* of NON-TEC) sluit tekste in wat oorspronklik in Engels opgestel is en wat vergelykbaar is met die TEC wat betref teksgenre, tyd van publikasie (1983-1993), verspreiding van manlike en vroulike outeurs, verspreiding van enkel- en spanouteurskap, algehele omvang, en teikengehoor se ouderdom, geslag en vlak.

Die beplanning van 'n korpus is van uiterste belang, omdat die struktuur daarvan later baie moeilik verander kan word. Voordat tekste in 'n korpus ingesluit word, moet daar addisionele inligting oor die vertaler en die vertaalproses bekom word. (Vergelyk Bylae A vir die beplanning van die

struktuur van 'n religieuse vertaalkorpus van Suid-Afrikaanse Bybelvertalings deur myself en E. Wehrmeyer van UNISA.)

## 3.3 Korpusverwerkingstegnieke

Instrumente en tegnieke is nodig om die data wat korpusse bevat, te soek, te sorteer, te tel en uiteen te sit. In die afdeling word sommige van die basiese verwerkingstegnieke kortliks bespreek wat saam met korpusse gebruik kan word, wat nog nie geëtiketteer of ontleed is nie en wat minimale annotasie mag bevat wat strukturele verdelings soos teks-, paragraaf- of sinsgrense aandui.

Een so 'n instrument is WordSmith Tools, 'n Windows-gebaseerde program wat ses instrumente vir die leksikale ontleding van tekste bied (WordList, Concord, Keywords, Splitter, TextConverter en Dual Text Aligner). WordSmith Tools is ontwikkel deur Mike Scott en word bemark deur Oxford University Press. Vervolgens word die instrumente wat WordSmith Tools bied bespreek.

### 3.3.1 Woordelys (Wordlist Tool)

Hierdie instrument genereer woordelyste gebaseer op die datalêers. Woordelyste word alfabeties of volgens frekwensie aangebied. Hulle kan gestoor word as tekslêers, geredigeer word of uitgedruk word.

Een baie basiese soort berekening wat enige korpusontledingsprogrammatuur behoort uit te voer, is om die leksikale variasie of diversiteit in 'n korpus te meet. Hiervoor word die tipe-teken-verhouding van die woorde in 'n teks benodig: tipes verwys na die getal verskillende woorde in 'n teks; tekens verwys na die totale getal "vloeiende woorde" in die teks. So byvoorbeeld bevat die frase "to be or not to be" ses tekens, maar net vier tipes ("to", "be", "or", "not"). Die tipe-teken-verhouding vir 'n gegewe teks word bereken deur die getal tekens te verdeel deur die getal tipes. Hoe hoër die verhouding, hoe groter die verskeidenheid in die woordeskat, dit wil sê die implikasie is dat daar min herhaling is. Hierdie verhouding is sensitief vir teks- of korpuslengte. Hoe langer 'n teks, hoe waarskynliker is dit dat woorde herhaal sal word, wat dus die verhouding sal verlaag. Om hierdie rede standaardiseer WordList tipe-teken-verhoudings deur die verhouding vir opeenvolgende 1 000 woordbrokke teks te bereken en dan 'n gemiddelde telling aan die einde te doen, sodat dit 'n mens in staat stel om tipeteken-verhoudings oor tekste van verskillende lengte te vergelyk. Volgens die statistiek in die onderstaande tabel is die tipe-teken-verhouding vir die bronteks 40,93, vir doelteks 1 is dit 38,46, vir doelteks 2 is dit 39,00 en

vir doelteks 3 is dit 35,81. Die resultate toon dat die bronteks die hoogste verhouding het, dit wil sê die outeur van hierdie teks het 'n veel breër woordeskatreeks gebruik as die drie vertalers. Die derde vertaling het die laagste tipe-teken-verhouding, want daar is heelwat herhaling wat betref die woordeskat.

| | **Bronteks** | **Doelteks 1** | **Doelteks 2** | **Doelteks 3** |
|---|---|---|---|---|
| Getal tekens | 20 908 | 20 688 | 20448 | 18 273 |
| Tipes | 3 278 | 3 052 | 3 211 | 2 562 |
| Tipe-teken verhouding/ 100 woorde | 15,7 | 14,8 | 15,7 | 14,0 |
| WordSmith Tools gestan-daardiseerde tipe-tekenver-houding/1000 woorde | 40,93 | 38,46 | 39,00 | 35,81 |

Die basiese statistiek kan bekom word soos die getal sinne en paragrawe in individuele tekste of hele korpusse, gemiddelde woord- en sinslengtes, en hoeveel woorde daar van elke lengte is (eenletterwoorde, tweeletterwoorde, ens.). Die statistiek hier onder is dié van Psalm 1-50 in *Die Lewende Bybel* (1982).

| **N** | **1** |
|---|---|
| Tekslêer | Psalms ~ 1. DOC |
| Grepe | 126,976 |
| Tekens | 10,525 |
| Tipes | 1,379 |
| Tipe/teken-verhouding | 13,10 |
| Gestandaardiseerde tipe/teken-verhouding | 32,30 |
| Gemiddelde woordlengte | 3,71 |
| Sinne | 159 |
| Sinslengte | 66.15 |
| Standaardsinslengte | 69.08 |
| Paragrawe | - |
| Paragraaflengte | - |
| Standaardparagraaflengte | - |
| Opskrifte | - |

| | |
|---|---|
| Opskriflengte | - |
| Standaardopskriflengte | - |
| 1-letterwoorde | 680 |
| 2-letterwoorde | 2,511 |
| 3-letterwoorde | 3,041 |
| 4-letterwoorde | 1,638 |

Frekwensielyste is woordelyste wat óf alfabeties gerangskik is óf in frekwensievolgorde, wat 'n mens in staat stel om teks leksikaal te vergelyk. Hierdie instrument is bedoel om stilistiese vergelyking soos die vergelyking van etlike variasies of vertalings van dieselfde verhaal of van tekste oor dieselfde onderwerp te ondersteun. WordList Tool is gebruik om die alfabetiese lys van die eerste 24 woorde in Psalm 1-50 van *Die Nuwe Testament en die Psalms* (1979) te genereer. Die tweede en derde kolomme van die lys toon die frekwensie en die persentasie indien die frekwensie van 'n woord in 'n lêer > 0,01 persent is.

| N | Woord | Frek. | % lemmas | N | Woord | Frek. | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | aan | 62 | 0.59 | 2 | aanbid | 19 | 0.18 |
| 3 | aanbidding | 1 | | 4 | aandag | 5 | 0.05 |
| 5 | aandoen | 1 | | 6 | aangaan | 1 | |
| 7 | aangegryp | 1 | | 8 | aangehits | 1 | |
| 9 | aangestel | 2 | 0.02 | 10 | aangetas | 2 | 0.02 |
| 11 | aanhou | 1 | | 12 | aanhoudend | 2 | 0.02 |
| 13 | aankla | 2 | 0.02 | 14 | aanklagte | 1 | |
| 15 | aankondig | 1 | | 16 | aanneem | 1 | |
| 17 | aanraking | 1 | | 18 | aanstel | 1 | |
| 19 | aanstorm | 1 | | 20 | aanval | 2 | 0.02 |
| 21 | aanvalle | 1 | | 22 | aarde | 18 | 0.17 |
| 23 | aardse | 1 | | 24 | Abraham | 1 | |

Die frekwensielys volgens frekwensievolgorde van Psalm 1-50 in *Die Nuwe Testament en Psalms* (1979) is soos volg:

| N | Woord | Frek. | % lemmas | N | Woord | Frek. | % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | die | 532 | 5.05 | 2 | my | 397 | 3.77 |
| 3 | en | 379 | 3.60 | 4 | u | 285 | 2.71 |
| 5 | nie | 247 | 2.35 | 6 | is | 244 | 2.32 |
| 7 | wat | 232 | 2.20 | 8 | ek | 226 | 2.15 |
| 9 | het | 210 | 2.00 | 10 | hulle | 181 | 1.72 |
| 11 | Here | 173 | 1.64 | 12 | ’n | 164 | 1.56 |
| 13 | van | 137 | 1.30 | 14 | hy | 136 | 1.29 |
| 15 | sal | 135 | 1.28 | 16 | in | 116 | 1.10 |
| 17 | want | 112 | 1.06 | 18 | vir | 95 | 0.90 |
| 19 | God | 91 | 0.86 | 20 | ons | 91 | 0.86 |
| 21 | te | 86 | 0.82 | 22 | hom | 84 | 0.80 |
| 23 | om | 84 | 0.80 | 24 | se | 80 | 0.76 |
| 25 | op | 76 | 0.72 | 26 | met | 73 | 0.69 |
| 27 | laat | 72 | 0.68 | 28 | sy | 69 | 0.66 |
| 29 | as | 67 | 0.64 | 30 | dit | 63 | 0.60 |
| 31 | aan | 62 | 0.59 | 32 | oor | 60 | 0.57 |
| 33 | maar | 57 | 0.54 | 34 | tog | 54 | 0.51 |
| 35 | moet | 53 | 0.50 | 36 | deur | 52 | 0.49 |
| 37 | mense | 52 | 0.49 | 38 | kan | 51 | 0.48 |
| 39 | word | 51 | 0.48 | 40 | al | 48 | 0.46 |
| 41 | lewe | 47 | 0.45 | 42 | wees | 47 | 0.45 |
| 43 | bly | 45 | 0.43 | 44 | na | 45 | 0.43 |
| 45 | soos | 44 | 0.42 | 46 | mens | 39 | 0.37 |
| 47 | julle | 38 | 0.36 | 48 | uit | 38 | 0.36 |
| 49 | maak | 37 | 0.35 | 50 | dat | 36 | 0.34 |

### 3.3.2 Konkordansie (Concord Tool)

Konkordansie (Concord Tool) is miskien die bekendste korpusverwerkingstegniek. ’n Konkordansie is ’n lys van alle voorkomste van ’n geselekteerde item in ’n teks of korpus. Hierdie voorkomste word konvensioneel getoon in sleutelwoord-in-konteks-formaat, waar die programmatuur ’n reeks konkordansiereëls uitlig wat elkeen ’n enkele voorkoms van die item vertoon saam met die woorde onmiddellik links en regs daarvan in die teks of korpus. Hoeveel woorde ingesluit moet word om die konteks te bepaal, kan vooraf aangedui word. Die Concord-instrument van WordSmith Tools lewer die volgende van *welgeluksalig* in *Die Bybel* (1953).

| N | Konkordansie | Woord No. | Lêer | % |
|---|---|---|---|---|
| 1 | dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man | 9,202 | a:\psalms~5.doc | 35 |
| 2 | u kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal | 447 | a:\psalms~5.doc | 2 |
| 3 | 1 WELGELUKSALIG is | 22,314 | a:\psalms~5.doc | 92 |
| 4 | weg van die sondaars. Welgeluksalig is die man | 110 | a:\psalms~5.doc | 1 |
| 5 | op die HERE wag! 32 Welgeluksalig is hy wie | 8,440 | a:\psalms~5.doc | 32 |
| 6 | op die HERE vertrou. 5 Welgeluksalig is die man | 11,830 | a:\psalms~5.doc | 45 |
| 7 | wie se sonde bedek is. 2 Welgeluksalig is die mens | 8,453 | a:\psalms~5.doc | 33 |
| 8 | van geslag tot geslag. 12 Welgeluksalig is die nasie | 8,864 | a:\psalms~5.doc | 34 |
| 9 | 1 WELGELUKSALIG is die | 22,389 | a:\psalms~5.doc | 95 |
| 10 | 'n Psalm van Dawid. 2 welgeluksalig is hy wat | 12,176 | a:\psalms~5.doc | 47 |

Nie net hele woorde kan gesoek word nie. Alternatiewe, frases of *wildcard*-opsies is ook moontlik. 'n Plotverspreidingsleutel (Dispersion Plot Key) is beskikbaar om aan te toon hoe die lemmas oor die teks versprei is. Die verspreiding van die term *welgeluksalig* in Psalm 1-50 van *Die Bybel* (1953) is soos volg.

| N | Tekslêer | Woorde | Frek. | per 1,000 | Plot |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | psalms~5.doc | 22,835 | 10 | 0.44 | ||     |||     ||     | |

### 3.3.3 Sleutelwoorde (Key Words Tool)

Die doel van hierdie instrument is om die sleutelwoorde in 'n gegewe teks te identifiseer. Om dit te doen, word die woorde in 'n gegewe teks met 'n verwysingsstel woorde vanuit 'n groot tekskorpus vergelyk. Enige woord wat gevind word buitengewoon/prominent in frekwensie te wees, is die sleutel. Die sleutelwoorde word aangebied in orde van prominensie. Van die sleutelwoorde in Psalm 1-50 van *Die Vier Evangelië* en *Die Psalme* (1926) is soos volg:

| N | Woord | Frek. | S ~ 7. Doc % | Frek. | S ~ 1.Doc % Keyness | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | siel | 52 | 0.39 | 0 | 49.4 | 0.000000 |
| 2 | aangesig | 23 | 0.23 | 0 | 29.1 | 0.000000 |
| 3 | ewigheid | 22 | 0.22 | 0 | 27.9 | 0.000000 |
| 4 | tog | 6 | 0.06 | 42 | 0.48 35.1 | 0.000000 |

Slegs hierdie drie instrumente sal in die analise van die Psalms benut word.

### 3.3.4 Ander instrumente

(a) Teksverdeler (Splitter Tool)

Die verdelerinstrument verdeel die teks in kleiner eenhede vir teksanalisedoeleindes, bv. om prosa en poësie te onderskei. Etikette kan ingevoeg word.

(b) Teksomskepper (Text Converter Tool)

Die teksomskepper vervul drie take: om datatekste te redigeer; om tekslêers te herbenoem; om lêers in nuwe "directory" te skuif indien hulle sekere woorde of frases bevat.

(c) Dual Text Alligner Tool/Viewer Tool

Voeg 'n bronteks en sy vertaling in parallelle saam sodat beide gelyktydig gesien kan word.

(d) The Controller

Beheer die verskillende instrumente.

Bogenoemde is maar net 'n oorsig oor die instrumente. Daar is baie ander waarmee data gemanipuleer kan word.

Mike Scott se siening oor WordSmith Tools is soos volg:

> The computer is an awful device for recognising patterns… It has a memory but it does not know or understand anything…the computer is a good device for helping humans to spot patterns and trends. That is why it is important to see computer tools such as these in WordSmith in their true light. A tool helps you to do your job, it doesn't do your job for you.

In die volgende afdeling word 'n oorsig gegee van onlangse navorsing uitgevoer oor die onderskeidende kenmerke van vertaalde tekste *per se* met die hulp van korpuslinguistiekinstrumente.

# 4. STAND VAN KORPUSGEBASEERDE VERTAALKUNDE

## 4.1 Die idee van die "derde kode"

Een van die vroegste verwysings na die gedagte dat die taal van vertaling onderskei kan word van gewone taal, word aangetref by Frawley (1984: 168). Die konfrontasie tussen brontaal en doeltaal loop gedurende die vertaalproses uit op die skepping van 'n "derde kode". Dit is 'n soort kompromis tussen die norme of patrone van die brontaal en dié van die doeltaal. Baker (1998) wys daarop dat hierdie unieke taal nie sogenaamde translationese ("vertalingees") is nie — 'n pejoratiewe term wat gebruik word wanneer 'n ongewone verspreiding van elemente duidelik toegeskryf kan word aan die vertaler se onervarenheid of onbekwaamheid met die doeltaal. Inteendeel, vertaling het tot gevolg die skepping van 'n derde kode omdat dit 'n unieke vorm van kommunikasie is, nie omdat dit 'n foutiewe, afwykende of substandaardvorm van kommunikasie is nie (Baker 1993:248). Vertaalde tekste teken egte kommunikatiewe gebeure op en in daardie sin verskil dit van ander kommunikatiewe gebeure in enige taal. Die aard van hierdie verskil moet egter ondersoek en aangeteken word, en in dié sin kan korpuslinguistiektegnieke en instrumente in vertaalkunde aangewend word.

## 4.2 Universele kenmerke van vertaling

Deur middel van kleinskaalse ondersoeke en terloopse waarneming gedurende die laat tagtiger- en vroeë negentigerjare van die vorige eeu het verskeie vertaalnavorsers elemente in vertaalde tekste opgemerk wat tipies voorkom in vertaalde teks eerder as in oorspronklike uitinge en wat nie die resultaat is van interferensie van spesifieke linguistiese sisteme nie. Hierdie vertaal-spesifieke eerder as taal- of kultuurspesifieke elemente is heel eerste deur Baker (1993:243-247) gekategoriseer as universele elemente van vertaling, en wel soos volg:

- i eksplisitering deur invoeging van bykomende informasie in die doelteks,
- ii uitskakeling van dubbelsinnigheid en vereenvoudiging,
- iii tekstuele konvensionaliteit in vertaalde romans,
- iv 'n neiging tot die vermyding van herhaling wat in die bronteks voorkom,
- v 'n neiging om elemente in die bronteks te oordryf,
- vi spesifieke verspreiding van leksikale items in vertaalde tekste teenoor brontekste en oorspronklike tekste in die doeltaal.

Volgens Baker (1993:246) kan universele elemente soos hierdie beskou word as 'n produk van beperkinge wat inherent is aan die vertaalproses self, en dit verklaar die feit dat hulle universeel is. In afwagting van verdere navorsing verskil hulle nie van kultuur tot kultuur nie.

Kruger (2000) groepeer sommige van hierdie elemente saam in drie duidelike kategorieë van universele elemente, naamlik 'n neiging tot eksplisitering (i en v hierbo), 'n neiging tot uitskakeling van dubbelsinnigheid (ii en iv hierbo), en 'n neiging tot konvensionalisering (iii en vi hierbo).

Korpusgebaseerde vertaalkunde is besonder sterk beïnvloed deur Baker (1996). In dié artikel bespreek sy drie fundamentele aspekte van korpusgebaseerde vertaalkunde: die teoretiese koppeling daarvan met doelgeoriënteerde benaderings (soos voorgehou deur die DTS-teoretici), die unieke metodologie wat aangewend word, en die potensiaal van hierdie metodologie vir die ondersoek van die onderskeidende aard van vertaling as 'n kommunikatiewe gebeure wat deur sy eie doelstellings, druk en produksiekonteks gevorm word (Baker 1996:175). Wat betref teoretiese aannames, erken korpusgebaseerde studies dat 'n vertaling, soos enige ander soort teksproduksie, ontwikkel in reaksie op die druk van sy eie onmiddellike konteks en gebruik maak van 'n duidelike register van tekstuele patrone (Baker 1996:175). Sover dit metodologie aangaan, beklemtoon Baker (1996:178) die belangrikheid van die uitwerk van korpusontwerpkriteria en -hipoteses wat spesifiek gerig is op die behoeftes van deskriptiewe navorsing in vertaalkunde. Baker (1996:178-180) voer aan dat die spesifieke hoedanigheid van vertaalteksproduksie wat in die literatuur na vore kom in terme van sogenaamde "algemeenhede" van vertaling, met vrug ondersoek kan word, mits aan minstens twee voorwaardes voldoen word. Die eerste is die uitwerk van duidelike kriteria en prosedures vir die keuring, verkryging en verklaring van die tekste wat in die korpus ingesluit moet word. Die tweede is die presiese definisie van die linguistiese kenmerke wat beskou word as konkrete manifestasies van die "algemeenhede" van vertaling soos vereenvoudiging en eksplisietheid, ten einde hierdie globale en abstrakte konstruksies operasioneel en verifieerbaar te maak.

### 4.3 Implikasies vir Bybelvertaling

Volgens Kruger (2002) behoort Bybelvertalers vertroud te raak met die instrumente en tegnieke wat aangewend word deur navorsers wat hulle verdiep in korpusgebaseerde vertaalkunde om in funksionele en sistemiese terme te omskryf en verduidelik hoe bestaande vertalings eintlik daar uitsien, en waarom. Hulle sou byvoorbeeld kon nagaan watter vertaalstrategieë aangewend is om probleme van nie-ekwivalentheid op woordvlak en

bokant woordvlak op te los, terwyl in ag geneem word dat geen vertaling ooit in 'n vakuum geproduseer word nie, en altyd gevorm word deur die historiese, kulturele, linguistiese, literêre en godsdiens-sisteem van die doeltaal.

Kleinskaalse en hand-ondersoeke kan uitgebrei word na grootskaalse, sistematiese, vergelykbare en doelgeoriënteerde navorsing oor bestaande bronteksste en vertalings met die oog op die ondersoek en uiteindelike verbetering van die gehalte van moderne Bybelvertalings, waardeur hul toeganklikheid verhoog kan word, en die lewering van nuwe vertalings vir verskillende doeleindes en met verskillende skopoi. Hierdie nuwe benadering sou navorsers en praktisyns kon help deur lig te werp op die linguistiese en tekskenmerke van verskillende vertalings en/of hersienings van dieselfde Bybel ten opsigte van

- vastheid van byvoorbeeld terminologie, ortografie en register;
- veranderinge in ortografie, terminologie en register oor tyd;
- die uitwerking van streekverskynsels of dialektiese variasie;
- interferensie van die brontaal (byvoorbeeld Engels of Xhosa in die geval van sommige van die vertalings in Zulu);
- interferensie van die vertaler se moedertaal;
- reëlmatighede en herhalende patrone in sekere vertalings maar nie in ander nie;
- die vraag of die profiel van die uitgewer of Bybelgenootskap wat verantwoordelik is vir die vertaling(s) die linguistiese aard van 'n vertaling beïnvloed;
- institusionele of spanwerk teenoor die werk van individuele vertalers;
- die vraag of sekere strategieë of kenmerke meer tipies is van sekere doeltale as van ander;
- die mate waartoe verskille in die bronteksste werklik weerspieël word in die vertaling(s) ten einde 'n aanduiding te kry of die gebruik van alternatiewe bronteksste teologies betekenisvol is.

## 5. ANALISE VAN DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGS

Vervolgens word ondersoek of die drie algemeenhede van vertaling (eksplisitering, vereenvoudiging en normalisering) ook van toepassing is op religieuse vertaling en by name op die Afrikaanse Bybelvertalings. Vir die doel is die eerste 50 Psalms van die Afrikaanse Bybelvertalings (1922/1926,

1929, 1933, 1953, 1976, 1979, 1983 en *Die Lewende Bybel*) geanaliseer. Die seleksie is gekies op grond van die insluiting van die Psalms in die proefvertalings. Die voordeel is dat hier net van poesië ter sprake is. Met die 1983-vertaling van die Psalms het menings uiteengeloop. Die ideaal is om in die vertaling soveel moontlik van die digterlike skoonheid van die oorspronklike werk te weerspieël, maar die Vertaalkommissie het as reël neergelê dat verstaanbaarheid voorrang moet kry bo die behoud van poëtiese skoonheid. Die basiese struktuur van die Hebreeuse digwerk, naamlik die parallelisme, moes egter sover moontlik behou word. W.E.G. Louw, taal- en letterkundige adviseur vir die 1983-vertaling, het die frustrasie beleef dat sy voorstelle vir stilistiese verbetering onaanvaarbaar vir die eksegete was omdat dit 'n wysiging van betekenis sou meebring. Die kritiek op die vertaling van die Psalms van die dosente in Afrikaanse letterkunde op Stellenbosch was eerder negatief as positief, en trouens soms baie skerp. Vir die Hebreeuse teks word data verkry van die BibleWorks program wat op baie maniere komplimentêr met die WordSmith Tools-analise benut kan word. In hierdie analise is eerstens 'n frekwensielys opgestel, asook 'n alfabetiese woordelys. Met die sleutelwoordinstrument is die sleutelwoorde bepaal en slegs hulle word benut. (Die proefvertalings en die 1933-vertaling moes elektronies voorberei word.) Dit word beklemtoon dat skaars met die analise begin is en dit op hierdie stadium kursories en onvolledig is. Die databasis is elk geval te klein om gevolgtrekkings met sekerheid te bepaal.

## 5.1 Agtergrond van die Afrikaanse Bybelvertalings

### 5.1.1 Vroeë pogings

Die Bybel van die Afrikaanssprekende gemeenskap was die Nederlandse State-Bybel. In 1872 is besorgdheid geopper dat gewone Afrikaansspekendes nie meer die State-Bybel verstaan het nie. Die idee om die Bybel in Afrikaans te vertaal was die hoofdoel en insentief van die Genootskap van Regte Afrikaners. Hulle pleidooi is deur die Britse en Byuitelandse Bybelgenootsakp verwerp asook deur die Nederduitse Gereformeerde predikante. 'n Paar boeke van die Bybel is nietemin in Afrikaans vertaal, hoofsaaklik deur S.J. du Toit. Sy vertalings het nooit gewild geraak nie omdat dit Kaapse Afrikaans reflekteer het, 'n variant wat nie aanvaarbaar was vir Afrikaanssprekendes in die binneland nie. Die tydperk eindig met die dood van S.J. du Toit in 1911 (Smit 1970:225-229). Die vertaling van die Psalms deur S.J. du Toit is in 1907 gepubliseer.

### 5.1.2 Die eerste volledige vertaling (1933) en sy hersiening (1953)

Prof. B.B. Keet pleit vir die Bybel in Afrikaans in 'n lesing gelewer in 1914, wat twee jaar later opgevolg is deur 'n besluit van die Vrystaatse Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word. Hierdie besluit was prakties gesproke die eerste positiewe besluit wat kerklike gesag gedra het. 'n Vertaling is van die State-Bybel gemaak en teen die Hebreeuse en Griekse bronteks gekontroleer. Hierdie publikasie van *Die Vier Evangelië en Psalme* in 1922 het fel kritiek verduur, veral omdat die Statevertaling te slaafs nagevolg is (Smit 1970: 229-31). [Langenhoven, wat hom deurgaans teen 'n Bybelvertaling in Afrikaans uitgespreek het, het gepraat van 'n stompstert Nederlands en die draak gesteek met 'n woord soos Fariseë en gevra of die enkelvoud van hierdie woord Farimeer of Fari-oseaan is?]

Na die kritiek wat die 1922-vertaling verduur het, is daar besluit om terug te gaan na die oorspronklike tekste en om Hebreeuse en Griekse grondtekste te gebruik. Die eerste vrug van hierdie vertaling was *Die Vier Evangelies en die Psalms* wat in 1929 verskyn het, waaraan verskeie vertalers uit die drie Afrikaanse susterskerke meegewerk het. Die vertaling is 1933 voltooi. In dieselfde jaar is die Bybel amptelik deur die drie Afrikaanse kerke in gebruik geneem (Nienaber 1935:108-82).

'n Besluit om die 1933-vertaling te hersien, is reeds in 1933 geneem. Daar is aanvanklik verwag dat die hersiening ongeveer drie jaar sou duur, maar twintig jaar later, in 1953, het dit vir die eerste keer die lig gesien. Die verskille tussen die hersiening en die oorspronklike vertaling van 1933 manifesteer hulle hoofsaaklik op linguistiese vlak en kan in vier groepe ingedeel word, naamlik punktuasie, spelling, woordkeuse en sinsbou. Kort na die verskyning van hierdie publikasie het daar reeds 'n behoefte vir 'n grondiger hersiening ontstaan. Die hersiening het egter baie stadig gevorder en daar was 'n sterk gevoel dat 'n hersiening eintlik onmoontlik is en dat 'n nuwe vertaling oorweeg behoort te word (Smit 1970:233-35).

Die eerste vertaling en sy hersiening het 'n impak gehad op die ontwikkeling, verryking en bevordering van die Afrikaanse taal en sy vestiging as nasionale taal gehad.

### 5.1.3 Die nuwe vertaling (1983)

Die ontwikkeling van Afrikaans; die vooruitgang op die gebied van die Bybelwetenskap (argeologiese ontdekkings wat die kulturele en historiese agtergrond van die Bybel belig, die vordering met teksnavorsing en die ontwikkeling van tekskritiek as wetenskap); en die opkoms van vertaal-

kunde (onder die invloed van Dr. Eugene Nida) het alles bygedra tot die besluit om die Bybel nuut in kontemporêre Afrikaans te vertaal.

*Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika* het 'n groot vertalersseminaar gedurende Julie 1967 gereël. Dr. Eugene Nida, die destydse sekretaris vir vertaling van die Amerikaanse Bybelgenootskap, het die seminaar gelei. Met Dr. Nida se voorstel dat 'n nuwe vertaling met meer entoesiasme as 'n hersiening ontvang sou word, is die gedagte om nuut te vertaal gebore (Wegener 1985: 228-38). Die besluit ten gunste van 'n nuwe doelteks-georienteerde vertaling is goedgekeur deur die Bybelgenootskap in 1968. Die sinodes van die verskillende Afrikaanse kerke het dié besluit ondersteun.

Die eerste vertaling met drie boeke van die Ou Testament en drie van die Nuwe Testament is gedurende 1971 voltooi en gepubliseer. *Die Blye Boodskap* bestaande uit die Vier Evangelies, Handelinge en die eerste vyftig Psalms, is in 1975gepubliseer. Stadige vordering is gemaak en die finale manuskrip van die Nuwe Testament en die Psalms is oorhandig aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in 1979. Vier jaar later (1983) is die volledige Bybel in die nuwe vertaling in Afrikaans voltooi. Die Bybel verskyn vyftig jaar na die verskyning van die eerste Bybel in Afrikaans (Wegener 1985: 231-238).

Die twee volledige offisiële Afrikaanse Bybelvertalings val saam met 'n oorgangsfase in die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Die eerste vertaling (1933) en sy hersiening (1953) het die lig gesien gelyktydig met ontwakende Afrikanernasionalisme, terwyl die tweede vertaling (1983) voltooi is in 'n tydperk toe die Afrikaneroorheersing begin taan het en die moontlikheid van die eerste demokratiese verkose regering van die Republiek van Suid-Afrika 'n moontlikheid geword het.

In 1982 is die *Lewende Bybel* deur CUM gepubliseer. Dit verteenwoordig die derde vertaling in Afrikaans. Volgens die voorwoord van hierdie publikasie is dit 'n nie-amptelike vertaling wat nie bedoel is om met die amptelike vertaling mee te ding of 'n plaasvervanger daarvoor te wees nie. Die *Lewende Bybel* is 'n hulpmiddel wat vir persoonlike lees en Bybelstudie gebruik kan word. Intussen is ook *Die Boodskap* in Afrikaans beskikbaar.

## 5.2 Tipe-teken verhouding en sleutelwoordanalise

Die Word XP-telling van Psalm 1-50 in *Biblica Hebraica Stuttgartensia* en die Afrikaanse Bybelvertalings is soos volg.

| | **BHS** | | **1926** |
|---|---|---|---|
| Bladsye/pages | 25 | | 32 |
| Woorde/words | 7193 | | 15 861 |
| Karakters/characters | 47324 | | 63 425 |
| Met spasies/with spaces | 53 737 | | 80 112 |
| Paragrawe/paragraphs | 780 | | 893 |
| Reëls/lines | 874 | | 1525 |
| | **1929** | **1933** | **1953** |
| Bladsye/pages | 33 | 28 | 28 |
| Woorde/words | 15 336 | 15 002 | 15 015 |
| Karakters/characters | 60 203 | 58 683 | 58 762 |
| Met spasies/with spaces | 74 668 | 72 922 | 72 999 |
| Paragrawe/paragraphs | 890 | 778 | 778 |
| Reëls/lines | 1386 | 1224 | 1229 |
| | **1976** | **1979** | **1983** |
| Bladsye/pages | 65 | 65 | 65 |
| Woorde/words | 14 726 | 14 738 | 14 764 |
| Karakters/characters | 59 557 | 59 643 | 59 682 |
| Met spasies/with spaces | 71 770 | 71 631 | 71 679 |
| Paragrawe/paragraphs | 2 740 | 2 766 | 2 776 |
| Reëls/lines | 2 761 | 2 776 | 2 778 |
| | | **1982** | |
| Bladsye/pages | | 34 | |
| Woorde/words | | 16 698 | |
| Karakters/characters | | 64 365 | |
| Met spasies/with spaces | | 80 292 | |
| Paragrawe/paragraphs | | 851 | |
| Reëls/lines | | 1 630 | |

Die tipe-teken verhouding volgens WordSmith tools is soos volg:

| | 1926 | 1929 | 1933 | 1953 | 1976 | 1979 | 1983 | 1982 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **tekens/tokens** | 10 001 | 9 234 | 8 857 | 8 870 | 8 818 | 8 780 | 8 830 | 10525 |
| **Tipes Types** | 1 440 | 1 288 | 1 247 | 1 258 | 1 296 | 1 281 | 1 282 | 1 379 |
| **tipe-teken verhouding/ 100 woorde type-token ratio/100 words** | 14,40 | 13,95 | 14,08 | 14,18 | 14,70 | 14,59 | 14,52 | 13,10 |
| **tipe-teken verhouding/ 1000 woorde type/token ratio/1000 words** | 32,97 | 31,50 | 32 | 32,13 | 32,54 | 32,34 | 32,24 | 32,30 |
| **gemiddelde woordlengte average word length** | 3,75 | 3,70 | 3,70 | 3,70 | 3,83 | 3,84 | 3,84 | 3,71 |

Die sleutelwoorde analise het die volgende data opgelewer.

| | 1926 | 1929 | 1933 | 1953 | 1976 | 1979 | 1983 | 1982 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| goedertierenheid | 22 | 24 | 29 | 19 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| welgeluksalig | 8 | 11 | 10 | 10 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| geregtigheid | 30 | 27 | 27 | 27 | 3 | 3 | 3 | 0 |
| aangesig | 23 | 34 | 37 | 18 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| ewigheid | 22 | 9 | 13 | 13 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| goddelose | 24 | 45 | 46 | 21 | 21 | 0 | 0 | 14 |
| ganse | 17 | 1 | 2 | 21 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| hul | 17 | 29 | 35 | 21 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| spreek | 17 | 17 | 22 | 19 | 3 | 3 | 0 | 3 |
| siel | 52 | 37 | 37 | 26 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| self | 2 | 6 | 6 | 6 | 13 | 12 | 11 | 28 |
| bly | 8 | 25 | 27 | 26 | 27 | 45 | 45 | 108 |
| prys | 7 | 6 | 3 | 6 | 19 | 18 | 32 | 58 |
| mense | 3 | 17 | 17 | 9 | 49 | 52 | 52 | 136 |
| het | 351 | 324 | 324 | 157 | 158 | 210 | 291 | 347 |
| toe | 29 | 19 | 17 | 17 | 31 | 32 | 33 | 45 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| want | 123 | 117 | 142 | 117 | 50 | 29 | 112 | 214 |
| ook | 14 | 11 | 13 | 2 | 11 | 11 | 31 | 48 |
| tog | 6 | 18 | 21 | 17 | 75 | 54 | 54 | 86 |
| so | 27 | 8 | 11 | 3 | 30 | 31 | 36 | 85 |
| wat | 108 | 210 | 239 | 119 | 138 | 141 | 141 | 232 |
| van | 361 | 531 | 598 | 297 | 214 | 212 | 212 | 137 |
| se | 14 | 18 | 21 | 13 | 17 | 80 | 80 | 135 |
| die | 754 | 1159 | 635 | 637 | 539 | 532 | 541 | 532 |
| tot | 73 | 46 | 33 | 58 | 29 | 13 | 13 | 60 |
| 0 | 47 | 47 | 46 | 46 | 10 | 10 | 10 | 10 |
| moet | 2 | 7 | 9 | 7 | 28 | 53 | 53 | 105 |
| trou | 2 | 7 | 11 | 8 | 19 | 16 | 0 | 19 |
| sela | 26 | 26 | 36 | 16 | 25 | 16 | 0 | 26 |
| u | 648 | 549 | 252 | 252 | 241 | 285 | 241 | 285 |
| jy | 18 | 21 | 27 | 20 | 26 | 25 | 24 | 23 |

Die volgende afleidings kan uit die gegewens gemaak word.

1. Die getal woorde in die Hebreeuse bronteks (7193) is die helfte van die getal woorde soos in vertalings. Dit het waarskynlik te doen met die struktuur van Hebreeus wat 'n nulsubjektaal is en nie modale of hulpwerkwoorde benut nie. Die vraag is of hier nie reeds 'n aanduiding van eksplisering, vereenvoudiging of normalisering is nie?

2. Volgens die paragraaf-reël verhouding in die 1926-1953 vertalings word die vertaling hier as prosa aangebied, terwyl in die 1976-1983 vertalings die vertaling as poësie aangebied word. In *Die Lewende Bybel* (1982) word die vertaling nog as prosa aangebied.

3. Daar is 'n diskrepansie tussen die getal woorde volgens Word XP en die tekens volgens WordSmith Tools alhoewel die verhoudings dieselfde blyk te wees. Geen verklaring kan daarvoor gevind word nie.

4. Die 1926-vertaling benodig 800 woorde meer as die 1929-vertaling en byna 1150 woorde meer as die 1933/1953-vertaling. Die volgende sleutelwoorde het 'n aansienlik hoër frekwensie: siel (26 meer); het (26 meer); toe (11 meer); u (99 meer); van (64 meer); die (117 meer). Die 1926-vertaling gebruik die State-Bybel as bronteks terwyl die 1933/1953 weer die Hebreeuse bronteks letterlik weergee. Die 1926-vertaling maak van eksplisitering gebruik net soos die 1982-vertaling.

5. Die tipe-teken verhouding is die hoogste ten opsigte van die 1926-vertaling (d.w.s. die meeste afwisseling van tipes per 1000 woorde) en die laagste by die 1929-vertaling (d.w.s. die minste afwisseling van tipes per 1000 woorde). Die 1929-vertaling poog om elke Hebreeuse woord telkens met dieselfde doeltaalwoord te vertaal. Verrassend is dat 'n parafrase soos *Die Lewende Bybel* nie meer afwisseling vertoon nie, soos intuïtief verwag word nie. Ongelukkig kan die tipe-teken verhouding van die bronteks nie bepaal word nie. Die verwagting is dat die afwisseling minder in die bronteks sal wees.

6. Volgens die sleutelwoordanalise is dit duidelik dat die beeldspraak laat vaar is ter wille van die betekenis van die beeld. Die beeldspraak "stok en staf" in Psalm 23:4 wat op beskerming en veilige bewaring dui, is laat vaar en die nuwe vertaling lui: "In u hande is ek veilig". Die term "my siel" is maar net 'n ander manier om te sê: "ek" of "ek self". Daarom word dit geskrap in die 1983-vertaling. Die term "self" kom aansienlik meer keer voor in die 1983-vertaling en *Die Lewende Bybel*. Dieselfde geld vir die terme "aangesig", "ewigheid", "goddelose". Beeldspraak word vereenvoudig.

7. Die 1933-vertalers wou nie radikaal afwyk van die State-Bybel nie uit vrees dat die nuwe vertaling nie aanvaarbaar sou wees nie. Gevolglik is die godsdienstige begrippe wat aan die State-Bybel vertroud was, behou. Dit is die geval met begrippe soos "welgeluksalig", "geregtigheid van God", "goedertierenheid", "aangesig", "ewigheid", "goddelose", "ganse", "hul", "spreek". Die 1983-vertaling benut nie die terme nie. Hierdie terme word geëksplisiteer. So byvoorbeeld word "geregtigheid" met die volgende vertaalekwivalente vervang: "gehoorsaamheid van die Here", "hy wat jou red", "volgens die wil van God", "julle getrouheid aan die wet", "vryspraak", "homself handhaaf", "trou".

8. Die verbande tussen sinne in Bybelhebreeus word hoofsaaklik deur die konsekutiewe konstruksie aangedui wat gewoonlik onvertaald gelaat word. Die kohesie van die teks word in die 1983-vertaling genormaliseer waar relasiewoorde ingevoeg word (vergelyk die gebruik van "ook", "tog", "so", "wat", "se" in plaas van "van" in genitiefkonstruksies). Dit verhoog die vlak van kohesie in die 1983-vertaling. Die aanspreekvorm "u" vir mense word ook vervang.

Alhoewel die analise kursories is, blyk dit dat die drie algemeenhede van vertaling (eksplitisering, vereenvoudiging en normalisering) ook van toepassing is op religieuse vertaling en by name op die Afrikaanse Bybelvertalings. Die patrone ten opsigte van drie algemeenhede moet nog ondersoek, beskryf en verklaar word.

# 6. SLOT

Korpusgebaseerde vertaalnavorsing sal 'n integrale deel vorm van vertaalopleiding en navorsing in die toekoms. Soos aangedui, vervang dit nie gesonde teoretisering oor vertaling nie. Daar is baie geleenthede vir sagteware ontwikkeling, byvoorbeeld die benutting van vreemde alfabetsisteme in 'n instrument soos WordSmith Tools.

Tymoczko (1998:652) stel dat soos groot databasisse op natuurwetenskaplike terrein, vertaalkorpusse 'n nalatenskap sal word van die huidige aan die toekoms, en so die toekoms in staat sal stel om te bou op die huidige. Dit is die plig van Bybelwetenskaplikes en Bybelvertalers om vir só 'n nalatenskap vir hierdie veeltalige land te werk.

# BYLAE A

## CORPUS-BASED TRANSLATION STUDIES OF RELIGIOUS TEXTS

Aim: to set up a corpus of religious texts for scholarly research

- To assist translators in their work (terminology etc)
- To possibly standardize religious terminology in a particular language
- To compare Greek of Hebrew source texts with a translation
- To compare source texts with each other
- To compare different translations
    - influence of older translations on new
    - regional patterns

## CONSIDERATIONS IN SETTING UP THE CORPUS

**WHO?**

Organisations/individuals involved

**WHERE?**

Locations of corpus

**HOW?**

Internet, CD, controlling programs

File divisions (whole translations/books/chapters)

**WHAT?**

Bible translation into the national languages of South Africa (all editions)

- Afrikaans (15)

- English (10)

- Other national languages (??)

International Bible translations having some impact on the translations above (selective editions but others can be added)

- German e.g. Luther Bible (1912, 1984)
- Dutch e.g. Statenvertaling
- French e.g. Louis Segond Version (1910)

Russian translations

Other Bible translations (open to other research interests)

Other translations of sacred texts (e.g. Quran)

Source Texts (e.g. Hebrew, Greek, Aramaic, Arabic etc)

**FROM WHOM?**

Copyrights and permission

**WITH WHOM?**

As separate corpus or as subcorpus

**FROM WHOM?**

Intended users and restrictions/limitations

## INFORMATION FOR QUESTIONNAIRES AND HEADERS

| | |
|---|---|
| THE FILE: | |
| Filename: | Translation and book e.g. LUTGEN01 |
| Subcorpus: | Religious literature |
| Collection: | Each translation regarded as separate collection, e.g. 1983 Afrikaans translation |
| Mark-up codes: | Title, Language, chapter, verse (paragraphing) |
| THE TRANSLATOR(S): | |
| Name: | |
| Status: | Team or individual<br>Full-time/part-time |
| Orientation: | denomination |
| Nationality: | |
| Employment: | translator/linguist/theologian/missionary |
| THE TRANSLATION: | |
| Mode: | written |
| Type: | full Bibles or NT/Psalms<br>(possibly full translations of individual books) |
| Circulation: | no of copies sold |
| Publisher: | |
| Place: | |
| Translation policies/principles: | |
| Date: | |

| | |
|---|---|
| Copywright: | |
| Sponser: | |
| TRANSLATION PROCESS: | |
| Direction: | into mother tongue |
| Type: | full/partial/rewrites |
| Orientation: | ST/target reader |
| Source text: | |
| Designation: | e.g. The Greek New Testament UBS 4th Edition |
| Language: | e.g. Greek |
| Mode: | written/oral |
| Status: | critical text/vernacular/manuscript/uncial etc. |
| Publisher: | |
| Place: | |
| Date: | |
| Other Interme-diates: | e.g. 1982 English New International Version |

# BIBLIOGRAFIE

BAKER M

1993. Corpus linguistics and translation studies: implications and applications. In: M. Baker, G. Francis & E. Tognini-Bonelli (eds.): *Text and technology: in honour of John Sinclair*. Amsterdam: John Benjamins.

1995. Corpora in translation studies: an overview and some suggestions for future research. *Target* 7(2):223-243.

1996. Corpus-based Translation Studies: the challenges that lie ahead. In: Somers, H. (ed.) 1996. *Terminology, LSP and translation*, 175-186. Amsterdam: John Benjamins.

1998. Réexplorer la langue de la traduction: une approche par corpus. *Meta* 43 (4):480-485.

BASSNETT S & LEFEVERE A (eds.)

1990. *Translation, history and culture*. London: Pinter.

BIBER D, CONRAD S & REPPEN R

1994. Corpus-based approaches to issues in Applied Linguistics. *Applied Linguistics* 15(2):169-189.

BOWKER L

1998. Using specialized monolingual native-language corpora as a translation resource: a pilot study. *Meta* 43(4):631-651.

FRAWLEY W

1984. *Translation: literary, linguistic and philosophical perspectives*. Newark: University of Delaware Press.

GAUTON R

2001. African languages corpora at the University of Pretoria. Unpublished manuscript, University of Pretoria.

HERMANS T

1985. Translation Studies and a new paradigm. In: Hermans, T., *The manipulation of literature: studies in literary translation*. London: Croom Helm, 7-15.

1991. Translational norms and correct translations. In: Van Leuven-Zwart, K. M. & Naaijkens, T. (eds.). *Translation Studies: the state of the art*. Amsterdam: Rodopi.

1999. *Translation in systems. Descriptive and system-oriented approaches explained*. Manchester, UK: St. Jerome.

KENNY D

2000. *Lexis and creativity in translation: a corpus-based study*. Manchester: St. Jerome.

KRUGER A

2000. Translation Studies in South Africa at the turn of the 21st Century. *Language Matters* 31:3-12.

2002. Corpus-based translation research. *Acta Theologica* Supplementum 2:70-106.

LAMBERT J & VAN GORP H

1985. On describing translations. In: Hermans, T., *The manipulation of literature: studies in literary translation*, 42-53. London: Croom Helm.

LAVIOSA S

1997. How comparable can "comparable corpora" be? *Target* 9(2):289-319.

LAVIOSA-BRAITHWAITE S

1996. Comparable corpora: towards a corpus linguistic methodology for the empirical study of translation. In: M. Thelen & B. Lewandowska-Tomaszcyk (eds.) *Translation and meaning*. Part 3. Maastricht: Hogeschool Maastricht, 153-163.

LEECH G

1991. The case of the art in corpus linguistics. In: K. Aijmer & B. Altenberg (eds.): *English corpus linguistics: studies in honour of Jan Svartvik*. London: Longman, 8-29.

NAUDÉ J A

2000. Translation Studies and Bible Translation. *Acta Theologica* 20, 1-27.

2001. Vertaalkunde vandag. 'n Oorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 41(3), 177-194.

2002. An overview of recent developments in translation studies with special reference to the implications for Bible translation. *Acta Theologica* Supplementum 2:44-9.

NIENABER P J
1935. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Pers.

NORD C
1991. *Text analysis in translation: theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
1997. *Translating as a purposeful activity: functionalist approaches explained*. Manchester, U.K.: St. Jerome Publishers.

PEARSON J
1998. *Terms in context*. Amsterdam: John Benjamins.
1999. Genes go wild in the countryside: using corpora to improve translation quality. *Teanga* 18:1-83.

SMIT A P
1970. *God made it grow. History of the Bible Society Movement in Southern Africa*. Cape Town: The Bible Society of South Africa.

SNELL-HORNBY M
1995. *Translation Studies. An integrated approach*. Amsterdam: John Benjamins.

TOURY G
1980. *In search of a theory of translation*. Tel Aviv: The Porter Institute for Poetics and Semiotics, Tel Aviv University.
1995. *Descriptive translation studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamins.

TYMOCZKO M
1998. Computerised corpora and the future of translation studies. *Meta* 43(4):652-659.

VENUTI L
2000. *The translation studies reader*. Routledge: London.

WALLMACH K
2000. "Get them lost just as in the narrow streets of the casbah": metaphors of resistance and subversion in translation. *Hermeneus* 2:235-258.

WEGENER G S
1985. *In die begin was die Woord*. Kaapstad: Human & Rousseau.

ZANETTIN F
1998. Bilingual comparable corpora and the training of translators. *Meta* 43(4):616-630.

*Trefwoorde*
Vertaalkunde
Bybelvertaling
Psalms 1-50
Korpusgebaseerde vertaalkunde

*Keywords*
Translation Studies
Bible Translation
Psalms 1-50
Corpus-based translation studies